



# DIE **Stem** VAN DIE **Martelare**

Februarie 2022

## **COLOMBIË** BEDIENING ONDER KRUISVUUR

NIEMAND KOM  
LEWENDIG UIT NIE

DRIE URE OM  
WEG TE GAAN



[www.persecutionsa.org](http://www.persecutionsa.org)

“Dink aan die gevangenes asof julle medegevangenes is.” Heb 13:3



# Gaan Waar Niemand Lewendig Uitkom Nie

**A**ndres het in 2000 God se stem gehoor wat hom roep om sy suksesvolle meubel-uitvoerbesigheid te verlaat en met sy familie te trek na 'n stad in een van Colombië se gevaarlike “rooi sones”, gebiede wat deur gewelddadige guerrillagroepes beheer word.

Almal met wie hy sy planne bespreek het, het by hom gepleit om nie te gaan nie. “My ouers het vir my gesê: ‘Moenie gaan nie.’ My pastor het vir my gesê: ‘Moenie gaan nie.’ Hulle het iemand gebel om my fisies te verhinder om nie te gaan nie,” het Andres gesê. “Maar God het vir my gesê dat ek soontoe moet gaan.”

Voordat hy sy gedagtes met ander buite sy familie gedeel het, het Andres 'n paar dae spandeer om te vas en te bid om die roeping te bevestig. Terwyl hy sekerheid gesoek het, het sy vrou, Juanita, angstig begin raak. “Ek was bang want ons het vier kinders,” het sy gesê. “Ek was baie bekommerd, maar ek het op die Here vertrou. Andres het vir my gesê: ‘Die Here het my gestuur. Wanneer God stuur, sal Hy ons beskerm. Hy sal vir ons sorg.’”

Ander was egter meer bekommerd oor hulle veiligheid. Toe Andres vir sy pastor van sy besluit vertel, het die pastor vir hom gesê dat niemand ooit uit daardie stad lewendig kom nie. Andres se pa het nie doekies omgedraai nie. “Hier is die helfte van die geld wat jy sal nodig hê om ‘n kis te koop,” het hy gesê en die geld uit sy sak gehaal en dit op die tafel gegooi. “Moenie hier weggaan voordat jy nie jou kis gekoop het nie, want ons weet dat jy nie gaan terugkom nie.”

Andres was steeds oortuig dat hy God se wil doen. “God stuur my,” het Andres vir hulle gesê. “As dit Hom behaag dat ek daar moet doodgaan, dan sal ek daar doodgaan. Christus het Sy lewe vir my gegee en ek moet my lewe vir Hom gee.”

## **Onmiddellike Teenkanting**

Andres kan die ongemaklike verwelkoming goed onthou daardie dag toe hy die eerste keer in die stad aanland, voordat sy vrou en kinders daarheen getrek het. “Toe ek daar aankom om te preek, kon ek die spanning baie sterk aanvoel,” het hy gesê. “Ek het gesien hoe

die guerrillas, ten volle gewapen, uit die oerwoud kom terwyl ek die Evangelie verkondig.”

Hy het sy eerste boodskap uit Markus 10:48-52 gelewer, ‘n gedeelte waarin Jesus ‘n blinde man laat sien as gevolg van sy sterk geloof. Die preek het egter nie veel uitwerking op die dorpenaars gehad nie. Niemand wou met Andres oogkontak maak nie en teen die aand het hy begin verstaan watter vrees die guerrillas by hulle inboesem.

Niemand het my ontvang nie omdat die guerrillas bevel gegee het dat indien ek in daardie stad sou aanbly, niemand my ‘n plek mag aanbied om te bly nie,” het hy gesê. “Ek het buite op straat geslaap; ek kon skaars slaap, maar ek het God gevra om vir my ‘n wonderwerk te doen omdat God my vertel het dat Hy mense in daardie land het wat gered moet word.”

‘n Paar dae later is Andres deur lede van die *Revolutionary Armed Forces of Colombia (FARC)*, ‘n marxistiese rebellegroep, genader. “Jy moet weggaan, want niemand hier gaan hulle bekeer

## *“God stuur my. As dit Hom behaag dat ek daar moet doodgaan, dan sal ek daar doodgaan. Christus het Sy lewe vir my gegee en ek moet my lewe vir Hom gee.”*

nie,” het een van hulle vir hom gesê. “Hierdie stad behoort aan ons.”

Met onwrikbare moed, gegrond in geloof, het Andres die guerrillas laat verstaan waar hulle met betrekking tot God staan. “Ek sal weggaan wanneer Hy wat my hierheen gestuur het, vir my sê om weg te gaan,” het hy geantwoord. “Tot dan sal ek bly, want Hy het meer mag as julle.”

Binne ses maande nadat sy familie na die stad getrek het, het Andres drie mense na Christus gelei. Die nuus daarvoor het vinnig versprei en op ‘n dag het ‘n FARC-guerrilla na die familie se huis gekom. Die man het vir Andres gesê dat hy hom om 11vm. die volgende dag na die FARC-kamp in die oerwoud sal begelei maar hy het geen rede verskaf nie.

Andres het sy familie die volgende oggend gegroet, wetende dat hy dalk nie sal terugkeer nie. “As dit die laaste keer is wat ek julle sien, laat ek julle net aanraai: Moenie Christus versak nie,” het hy vir hulle gesê.”

### **Besoek die Vyand**

Die volgende dag het die guerrillavegter Andres in die digte oerwoud ingelei soos ooreengekom. Ondanks die moontlike gevaar, het Andres gesê dat sy vrese verdwyn het en hy weer God se teenwoordigheid ervaar het toe hulle drie ure later by die kamp aankom.

Met sy aankoms in die FARC-kamp het ‘n paar ander guerrillas Andres na hulle bevelvoerders geneem. Andres het op ‘n omgevalle boom gaan sit en een van die bevelvoerders het hom oor sy werk begin uitvra.

‘n Ander bevelvoerder het uiteindelik opgestaan en oor Jesus begin praat. Die man het Christus as ‘n opstanding probeer skets, maar Andres het gou verduidelik wat die Skrif oor Hom sê. Andres sê dat hy gevoel het hoe die Here hom druk om vir die bevelvoerder iets kragtig te sê – dat God hom liefhet.

“Toe ek dit vir hom sê, het hy begin huil,” onthou Andres. “Toe die eerste baas sien dat hy huil, het hy gesê: ‘Hierdie bekeringsboodskap is verby. Ek het jou

nie hierheen gebring om my manne tot Christus te bekeer nie.”

Voordat hy weggegaan het, het Andres vir die guerrillas gesê hy wil vir hulle bid. Hy het tussen 60 FARC-rebelle, met AK-47’s oor hulle skouers, gestaan en die groep in gebed gelei. Die guerrilla wat hom in die oerwoud ingelei het, het hom toe pligsgetrou op die drie-ure terugtog na sy huis en familie, begelei. Juanita het gesê dat sy groot verligting ervaar het toe Andres by die huis aankom. “Ek weet van baie gevalle waar mense gaan en nooit weer terugkeer nie,” het sy gesê.

‘n Maand nadat Andres vir die FARC-guerrillas gebid het, het een van die bevelvoerders vir wie hy gebid het, homself aan die Colombiaanse owerhede oorgegee en is in die tronk opgesluit. Vanaf daardie dag trotseer Andres se kerk toenemende vervolging.

### **‘n Lewe van Spanning**

Kort nadat die FARC-guerrilla homself oorgegee het, het ander vegters van die groep Andres begin dophou, teister en dreig. “Wees versigtig,” het ‘n guerrilla gewaarsku nadat hy hom eendag ‘n stamp gegee het. “Kyk waarheen jy gaan. Eendag gaan jy net nie weer terugkom nie.”

▼ Andres het vir meer as 20 jaar sy lewe gewaag om as pastor in ‘n rooi-sone kerk te bedien. Sy kragtige preke het die guerrillas aangespoor om hom vir ‘n vergadering te roep en hy het sy moontlike dood gevrees.



Andres sê dat die kerk in geheel hewig teengestaan word deur die FARC. Die guerrillas sal byvoorbeeld aanklokreëls vir kerklidmate instel en so af en toe dienste onderbreek. Bo en behalwe dat hulle Andres se preke monitor vir enige wenk van teenstand teenoor hulle aktiwiteite, versoek hulle dikwels van lidmate om hulle tiendes vir die FARC te gee in plaas van die kerk. Andres het uiteindelik die guerrillas gekonfronteer toe lidmate uit vrees ophou tiendes gee het. “Julle moet werk en ek moet werk,” het hy vir hulle gesê. Dae later het die guerrillas die jukka, mielies, aartappels en rys wat hy plant en verkoop om vir sy

familie te sorg, vernietig.

Andres, Juanita en hulle kinders is almal deur die voortdurende spanning van lewe en werk onder die FARC en hulle gedurige dreigemente, geaffekteer. Een of twee guerrillas woon elke week die kerk by en Juanita het gesê sy bewe erg wanneer hulle opdaag. “Ek raak senuagtig,” het sy gesê. “In die begin het ek gesê: ‘Dit is dit, ons is dood.’ Maar soos die tyd aangaan het ek uiteindelik meer vertroosting van God gekry. Andres het gesê dat hy ten minste een keer ‘n maand vir sy lewe vrees en dikwels sukkel om vrede te kry. Hy en Juanita bid en lees die Bybel om hulle angs te verlig. “Ek

handhaaf alles deur gebed en bid dat ons sterk sal bly in Hom,” het Juanita gesê.

Die paartjie se kinders wat by hulle woon en nou in hulle laat tienerjare en vroeë 20's is, het ook gesukkel om hulle vrese te oorkom sedert hulle na die streek getrek het. “Hulle sien dikwels die dreigemente en sien wat aangaan,” het Andres gesê.

Meer as 20 jaar nadat hulle hom gewaarsku het dat hy moontlik doodgemaak kan word indien hy in die gevaarlike rooi sone probeer bedien, het Adres se ouers sy werk aanvaar en erken dat God hom dusver beskerm het. “Hulle het gewoon geraak daaraan,” het Andres gesê. “Ek het vir hulle gesê as ek my lewe vir Christus wil gee sal ek dit gee as dit God se wil is. Hulle het vrede gevind.”

SVM ondersteun Andres en Juanita namate hulle voortdurend in die rooi sone bedien en voorsien hulle ook van Bybels om onder mense te versprei wat in die gebied woon. Andres het gebed versoek vir sy familie, spesifiek vir hulle verkwikking, beskerming en instaatstelling om mense vrylik met die Evangelie te bereik. Hy het ook gevra dat ons sal bid vir ‘n nuwe kerk wat hy hoop om in ‘n nabygeleë gebied te plant.

“My begeerte is om die Evangelie na die moeilike gebiede te neem waar niemand anders wil gaan nie,” het hy gesê. “Dit is waar God my heen roep. Dit is waar my hart is. Ek het die materiaal van die martelare bestudeer en ek het besef dat hulle hul lewens vir Christus gegee het, ek kan my lewe ook gee.”



◀ Die kerk waar Andres as pastor bedien, word hewig teengestaan deur die FARC wat aanklokreëls instel, preke monitor en dienste onderbreek.



Rebelgroepe het sommige kerke in rooi sones onlangs gedwing om toe te maak deur hulle deure te sluit en enigeen wat betrokke is by aanbidding of gebed, gedreig. Diegene wat die slotte probeer verwyder, word geskiet. (Onder) 'n Kerkbyeenkoms in 'n stad in die rooi sones.





# *Drie Ure* om Weg te Gaan

▲ Guerrillas het gedreig om Luis se familie en alle Christene in die dorp dood te maak indien hulle nie binne 3 ure weggaan nie. Luis was die laaste een om te gaan.

# Drie Ure om Weg te Gaan

*Guerrillavegters het Luis en Sofia gedwing om hulle bedieningsplanne te verander, maar die paartjie vertrou volkome op God vir hulle volgende skuif in Colombië se rooi sones.*

**P**astor Luis en sy vrou, Sofia, het in 2017, na jare van bedieningswerk in Colombië se gevaarlike rebellebeheerde “rooi sones” teruggekeer na hulle tuisdorp om ‘n kerk te plant.

Alhoewel hulle geweet het dat die bergagtige oerwoud-streek deur lede van die *Revolutionary Armed Forces of Colombia (FARC)*, ‘n Marxistiese guerrillagroep, beset word, het hulle steeds geglo dat hulle daadwerklik 600 mense in die stad met die Evangelie kan bereik. Namate die kerk tot 70 lidmate gegroei het, het hulle egter gerugte gehoor dat die FARC hulle as ‘n bedreiging beskou.

“Hulle vrees Christene omdat ons

beginsels het,” het Luis gesê. “Ons lieg nie. Hulle dink Christene sal dinge oor hulle sê wat hulle nie wil hê mense moet weet nie. Ons is ook moeilik om te werf en ons sal nie kokaplante kweek vir kokaïne nie.”

Die FARC het geleidelik probeer om beheer oor die kerk te neem en vir Luis gesê hoe hy mag en nie mag die kerk se tiendes en offergawes spandeer. Hy en Sofia het gou besef dat sommige van hulle lidmate spioene van die guerrillas was.

Die paartjie erken dat hulle ‘n stryd voer met vrees namate hulle die kerk lei. Aan die einde onthou hulle dat hulle ‘n soewereine God dien. “Jy vertrou op God,” het Sofia gesê. “Dit word ‘n lewenswyse.”

## **In die Kruisvuur Gevang**

Terwyl Luis op 21 Maart, 2021, met los werkies buite besig was, is hy met die klank van geweervuur verskrik. Hy het vinnig sy familie bymekaar gemaak en na sy neef se huis gehardloop om te skuil.

‘n Groep vegters wat van die FARC weggebreek het, het in die dorp aangekom met die hoop om sommige van die FARC se gebied oor te neem. Op ‘n stadium het die skietery slegs 100 meter van die huis waar Luis en sy familie geskuil het, plaasgevind.

Na ‘n bloedige geveg waarin ses guerrillas dood is, het die FARC die splintergroep oorwin en beheer oor die dorp behou. Toe, ongeveer 30



minute nadat die geweervuur gestop het, het lede van die FARC almal in die stad na buite geroep. “Sofia het gedink ons gaan doodgaan,” het Luis gesê, “maar dit is toe dat hulle ons meedeel dat twee vroue van die kerk doodgemaak is.”

Luis het na die huis gegaan waar ‘n groep vroue van die kerk saam vergader het en daar die liggame van die twee vroue gevind wat dood is. Die guerrillas het hom probeer keer, maar hy het hulle geïgnoreer. “Ek was geensins bevrees op daardie oomblik nie,” het hy gesê. “Ek wou hulle net sien, ek was nie bevrees nie omdat hulle deel was van die kerk wat ek lei.”

Die vroue is in die gesig geskiet. Dit is onduidelik of hulle opsetlik geteiken is en of hulle in die kruisvuur beland het. Luis het gehelp om hulle liggame af te dra van die boonste verdieping van die huis. Daarna het die FARC hom en ander Gelowiges gedwing om grafte in die dorp se begraafplaas te grawe vir die twee vroue asook ses vegters van beide kante van die veldslag.

“Dit het my gebreek, my siel gebreek, ek het geen woorde gehad om te sê hoe ek op daardie oomblik gevoel het nie,” het Luis gesê.

Luis het gesê soos wat hy begin het om grawe vol grond uit te skep, het hy gewonder of hy gedwing gaan word om ‘n ekstra graf te grawe. “Soms laat hulle jou jou eie graf grawe,” het hy gesê en na ander pastors verwys wat dood gemaak is. “Hulle sal jou skiet en jou ingooi.”

### **Die Laaste om Weg te Gaan**

Die volgende dag het die FARC hulle beheer oor die dorpenaars verder uitgebrei deur ‘n verpligte inperking aan te kondig. Enigiemand wat op die straat gesien word, sal geskiet word.

Die guerrillas het van deur-tot-deur gegaan en families geterroriseer en hulle besittings gesteel. “Hulle het spesifieke mense geteiken ... en dit was Christene,” het Luis gesê. “Hulle weet na wie hulle gesoek het.”

Die rebelle het Luis en Sofia se kerkgebou vernietig en die gevegte het in die volgende paar dae weer hervat. Geweervuur van outomatiese wapens het onreëlmatig rondom hulle uitgebreek, en nou en dan het hulle ontploffings in die verte gehoor. Namate die gevegte voortduur, het die paartjie se kosvoorraad vir hulle vyf kinders minder geraak.

Op die oggend van die agtste dag, toe die gevegte lyk of dit bedaar, het die guerrillas vir die Christene gesê hulle het drie ure om die dorp te verlaat of hulle sal doodgemaak word. Alle ander burgerlikes mag aanbly.

Die dorp se 70 Gelowiges het na kano’s en motorfietsse gehardloop en hulle tot die maksimum gelaai. Sommige van die bote is met duisende mense oorlaai toe dit die oewer verlaat en Sofia sê een boot was so vol dat dit begin sink het.

Luis en Sofia het seker gemaak dat elke lidmaat van die kerk die dorp verlaat voordat hulle weggaan. “Dit was my verantwoordelikheid, my bediening,” het Luis gesê. “Dit was ‘n verantwoordelikheid wat God vir my gegee het. Jy moet die kudde oppas.”

Teen die aand het al die lidmate die dorp verlaat. Verskeie nie-Christene het vir hul lewens gevrees en ook gevlug. Luis het vier van sy kinders vooruit gestuur op ‘n ander boot terwyl hy, Sofia en hulle jongste kind agter gebly het.

Met geen bote oor het hulle angstig gewag vir vervoer namate die drie-ure spertyd naderkruip. “Ek het gehuil en gebid,” herroep Sofia. “God was wel in beheer. Iemand het uiteindelik gekom en



ons weggeneem. God het 'n klein boot voorsien.” Terwyl hulle in die boot klim het een van die guerrillas hulle een laaste keer probeer intimideer. “Weet julle, die Evangelie is niksverder,” het hy gesê.

Die paartjie het die guerrilla geïgnoreer, in die boot geklim en 'n drie-ure reis na hulle nuwe huis, wat 'n ander pastor vir hulle gereël het, begin. Daar sou hulle weer op God se leiding wag.

### **Begin Weer Oor**

Toe hulle in die nuwe stad aanland, het Luis en Sofia niks gehad nie. Hulle was so besig om ander mense te help om in die bote te kom dat hulle geen tyd gehad het om basiese benodighede soos klere, voedsel en toiletware in te pak nie.

Daarom was hulle baie dankbaar vir die hulp wat hulle van plaaslike Christene, insluitende 'n familie wat hulle in hul huis verwelkom het, ontvang het. “Dank God dat 'n broer in daardie stad vir

*“Ek het gehuil en gebid. God was wel in beheer. Iemand het uiteindelik gekom en ons weggeneem. God het 'n klein boot voorsien.”*

ons klere en blyplek gegee het,” het Sofia gesê.

Die res van die lidmate het in tydelike tente in 'n skoolgimnasium gewoon en Luis het voortgegaan om aanbiddingsdienste vir hulle te hou. Die nie-Christene wat die dorp verlaat het, het spoedig by die Christengemeente aangesluit en een vrou het dadelik haar geloof in Christus geplaas nadat sy gevlug het. “Sy het na die kerk gegaan en gesê God het haar vir 'n rede gered,” het Sofia met 'n glimlag gesê.

Luis en Sofia het gesê die ervaring het werklik hulle geloof versterk en hulle moediger gemaak. Nou wil hulle dieper

gaan – dieper in die oerwoud in met God se Woord en dieper in hulle verhouding met Hom. “Dit maak alles wat gebeur het die moeite werd,” het Luis gesê. “God het so goed vir ons gesorg.”

Die paartjie versoek gebed vir wysheid namate hulle voortdurend Christene lei en die Evangelie in hulle nuwe gebied verkondig. “Bid dat Hy deure vir ons sal open en ons in staat sal stel om projekte te doen wat ons nog nie kon doen nie,” het Luis gesê. “Ek wil teruggaan na die sendingwerk. Ek hou daarvan om 'n sendeling in die veld te wees en ek wil 'n pastor wees. Ek wil beide rolle behartig.



# Gebedsdagboek

Februarie/Maart 2022

## FEBRUARIE

S 20 **FILIPPYNE**

**Bid dat kruiskulturele werkers onbevrees na diegene in gevaarlike, onbereikte gebiede sal uitreik.**

M 21 PAKISTAN

Bid vir die beskerming van jong Christenvroue teen ontvoering en gedwonge huwelike met Moslems.

D 22 KOEWEIT

Bid dat Koeweit's wat die Goeie Nuus van Jesus Christus hoor hulle geloof in Hom sal plaas.

W 23 EGIPTTE

Bid vir die bemoediging en groei van diegene wat Bybels regoor die land ontvang.

D 24 MALI

Bid dat kerke in die noorde die lig van Christus sal uitdra terwyl hulle gemarginaliseer en mishandel word.

V 25 OESBEKISTAN

Bid dat huiskerke regoor die land opgerig sal word.

S 26 **BAHREIN**

**Bid vir Ghaleb wat deur sy familie verban is en by die werk geteister is weens sy geloof in Christus.**

S 27 **TURKYE**

**Bid dat pogings om universiteitsonderwysers en studente te bereik, vrugbaar sal wees.**

M 28 ETHIOPIË

Bid vir pastors in Tigray wat tydens die konflikte ly.

## MAART

D 01 SIRIË

Bid vir die paar Christene wat in die Koerdiese Qamishli gebied woon.

W 02 VIËTNAM

Bid dat kerkleiers goed sal bedien en standvastig sal bly in geloof.

D 03 BHOETAN

Bid dat God voortdurend meer vroue vir bediening sal opwek.

V 04 AFGANISTAN

Bid vir Gelowiges wat in klein groepe vergader vir gebed, bemoediging, opleiding en aanbidding.

S 05 **TADJIKISTAN**

**Bid vir die moed en beskerming van diegene wat die Bybel in plaaslike tale vertaal.**

S 06 **MAURITANIË**

**Bid dat vervolgte Christene sal volhard en hulle ewige hoop in Christus sal behou.**

M 07 BROENEI

Bid dat ondergrondse kerke in moedigheid sal groei namate hulle die Evangelie deel.

D 08 BURKINA FASO

Bid vir stabiliteit in die streek sodat pastors voortdurend kan uitreik en hulle kerke bedien.

W 09 CHINA

Bid vir die wysheid van Gelowiges wat deur polisie gekonfronteer word.

D 10 KAMEROEN

Bid vir Christene onder die Hdi-stam wie se dorpe in die noorde herhaaldelik aangeval word.

V 11 ERITREA

Bid vir die beskikbaarheid van meer Christelike hulpbronne in die Tigrinya-taal.

S 12 KIRGISIË

**Bid vir President Sadyr Japarov en die regering.**

S 13 **MALEDIVE**

**Bid vir kreatiewe maniere om in hierdie moeilik bereikbare land te bedien.**

M 14 MEXICO

Bid vir die beskerming van werkers in gebiede van Marxistiese invloede in suidelike Mexico.

D 15 OESBEKISTAN

Bid dat diegene wat hulle werk weens hul geloof in Christus verloor het, nuwe werke sal vind.

W 16 TUNISIË

Bid vir die eenheid en samewerking van Tunisiese kerke.

D 17 BAHREIN

Bid vir diegene wat 'n streng Moslemopvoeding ontvang het en nou Gelowiges vervolg.

V 18 JEMEN

Bid vir Ahmed en sy familie namate hulle weens vervolging asiel in 'n vreemde land soek.

S 19 KATAR

**Bid vir meer Christenwerkers om die Evangelie met Katarese te deel.**

Teken in op ons GRATIS maandelikse Nuusbrief: Besoek [www.persecutionsa.org](http://www.persecutionsa.org)

### VIR DONASIES OF BYDRAES - Christelike Sending Internasionaal Bankbesonderhede:

Nedbank

Rek nr.: 1925-024946 (Tjek)

Takkode: 192505 (Bedfordview)

Standard Bank

Rek nr.: 02-249-5592 (Tjek)

Takkode: 018305 (Bedford Gardens)

ABSA Bank

Rek nr.: 909-861-7711 (Spaar)

Takkode: 632005 (Bedford Centre)

CSI | Posbus 7157, Primrose Hill, 1417 Suid-Afrika | Kantoor Tel: 010 777 0114 (8vm-1nm) | Kantoor Sel: 076-022-3336 (8vm-5nm)  
E-pos: [cmi@vomsa.org](mailto:cmi@vomsa.org) of [bianca@vomsa.org](mailto:bianca@vomsa.org) | Webtuiste: [www.persecutionsa.org](http://www.persecutionsa.org) | Facebook@cmivomsa | Instagram@cmi - vomsa

Direkteure: Mnr A.B. Illman (Uitvoerend); Pastor R. Marsh; Mnr R. Keir;  
Pastor J. Tucker; Mnr D. Kirton; Mnr C. Hutchinson

© Toestemming vir die herdruk van enige gedeelte van hierdie nuusbrief moet van Christelike Sending Internasionaal aangevra word.

[www.persecutionsa.org/donate](http://www.persecutionsa.org/donate)